The government’s response was also typical of fallen humanity: violence – sometimes bordering on the same strategies as those of the ANC and using methods often indistinguishable from theirs. Instead of a reaction controlled by God-given methods and values which the government was purporting to respect, defend and promote, the response often degenerated into clandestine operations which also could not stand the test of “spiritual armour” and commitment to obedience to God under all circumstances.

The secularism promoted by the mass media and embedded in the new constitution of SA contributed largely to the notion that violence was in order as a form of protest and for promoting certain viewpoints and causes. In general traditional values and responsibilities were undermined and are still being undermined by the propagation of “human rights” instead of responsibilities. Any investigation into the dilemma which police officers face daily when confronting criminals and violent behaviour, will bear testimony to this reality.

“Xenophobic violence” has become a disgrace to our country supposed to be a “bastion of liberation and tolerance” and a refuge for the persecuted. The different “#... must fall” campaigns have included violence as an integral part of their strategies.

Fruit

The fruit of violence is pervasive in South African society. According to police statistics about 16 000 people are murdered each year, about 500 000 burglaries take place, about 25% of all women have been subjected to sexual violence, some areas of South Africa are unsafe to pedestrians at any time of day, robberies and common assault are no news anymore – excepting if accompanied by the most bizarre forms of bodily harm and outrageous methods of torture. Hundreds of people have been killed and/or injured in “taxi violence”. South Africa is expected to experience more than 1000 “protest actions” per month this year – and most of them involve violence. Strikes by trade unions often involve violence resulting in deaths, intimidation and hardship for individuals and families. “Xenophobic violence” has become a disgrace to our country supposed to be a “bastion of liberation and tolerance” and a refuge for the persecuted. The different “#... must fall”

campaigns have included violence as an integral part of their strategies.

The perception of the pervasiveness of crime and violence is seen as one of the main causes of emigration from South Africa – with the resulting loss of skilled and productive people and the trauma of broken relationships within families and amongst friends as well as the challenges associated with the acculturation into a new environment. Violence has also been named as one of the factors inhibiting investment from outside the country and the immigration of much-needed skilled and productive people.

“**Political violence**” deserves special consideration in the history of our country. To many, “colonisation” (since 1652) has been a form of political violence. To others the history of conflicts between “indigenous African tribes” during that period (resulting in the “difaqane/mfecane”) was a form of political violence. The “border wars” between indigenous African tribes and “colonists” as well as the “South African War” (1899-1902) could be described as political violence and the more recent history of conflict between “liberation movements” and the White-dominated political system could also qualify. According to James Sanders in “Apartheid’s friends: the rise and fall of the SA secret services” (2009), “security forces” killed about 3 500 people (including ordinary “innocent” civilians, “activists” and “freedom fighters” inside and outside SA – excluding casualties of the “bush war”). “Political violence” between competing Black factions claimed more than 30 000 lives between 1988 and 1996 as well as numerous people killed (often “necklaced”) as “sell-outs” or “impimpis”. In the recent years a number of assassinations of political opponents have taken place.

In the light of the above, the perpetration as well as the fruit of violence have been and are still part and parcel of our past and present reality. An Afrikaans poet aptly spoke about our “... wide and sad country...” (“... ons wye en droewe land”) yearning for a new dispensation of peace and righteousness.

Remedy

The Bible is very candid about humans’ inability to obey God’s Law to love him and

their fellow-human beings – and also about their tendency and ability to use violence instead of exercising their freedom to govern, rule and care for what God has created (Gen 1:26-28; 2:15).

In order to curb this reality God also “created” laws and institutions with authority to curb violence and to promote general well-being (Rom 13:1-6). Even at the dawn of history God forbade humans to eat the fruit of the tree of knowledge of good and evil (Gen 2:16) – and their violation of this law was the seed of violence. Later on God gave to his people (Israel) the “Law of Moses” – an elaborate system aimed at promoting harmony between God and humans and amongst humans themselves.

The God-given system also provided for just punishment of people who violated the God-given order. This was entrusted to institutions with authority to deal with those who violated this order. Authority (the right and ability to apply force in a legitimate and just manner to ensure compliance with just laws and rules) is indispensable because of the reality that there will always be people who would not “buy in” into the God-given laws and rules and prefer to live by violence – and who will only obey because of the fear of punishment associated with breaking the laws and rules of the system.

Therefore an increase in violence and crime is always associated with the breakdown of an efficient and God-obedient government which fails to rightly exercise its authority to combat violence and crime. This is concomitant with the failure in the making of laws and rules which are in line with God’s laws (clear, righteous, relevant, fair to all) and also with unwillingness, inability and lack of resources of government institutions to ensure compliance with just and righteous laws and rules.

But: human history testifies to the inability of even respectable governments to ensure the end of violence. Good government and proper exercising of lawful authority act as a deterrent to violence by instilling “fear” in lawbreakers and perpetrators of violence (Rom 13:3,4), but cannot change the corrupt hearts of humans, the source of violence (Jer 17:9; Rom 3:9-20; Mark 7:20-23).

But: the good news from God is: **he is able to change hearts!** The Old Testament prophet Jeremiah proclaimed: "... I will make a new covenant with the house of Israel and the house of Judah: ... I will put my law in their minds and write it on their hearts. I will be their God and they will be my people they will all know me..." (Jer 31:31-34). His fellow prophet Ezekiel reiterated this (36:25-27). Francis Schaeffer astutely observed: "The more the laws of God are written in men's hearts, the less need there is for governments to write laws".

The ultimate remedy for violence is that God's Spirit will replace the spirit of rebellion in human hearts with the spirit of obedience to God's law of love.

The ultimate remedy for violence is that God's Spirit will replace the spirit of rebellion in human hearts with the spirit of obedience to God's law of love. Paul pointedly described the fruit of the Spirit in human hearts: "The fruit of the Spirit is love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, gentleness and self-control. Against such things there is no law" (Gal 5: 22-23).

Of course: even Christians are still subjected to failure to "... keep in step with the Spirit ..." and therefore have a constant battle with their old nature which tends to take over when they are confronted with violence and other sins (Gal 5:16-18), but the difference is that they are acutely aware of the Holy Spirit's work in their hearts like Jesus promised: "The Father will give you another Counsellor to be with you forever – the Spirit of truth ...When he comes, he will convict the world of guilt in regard to sin and righteousness and judgement ..." (John 14:15-17; 16:8). Paul's monumental declaration in 2 Cor 5:17 ensures that every

true Christian will obey the Spirit's testimony instead of his/her sinful nature and inclinations: "Therefore, if anyone is in Christ, he is a new creation; the old has gone, the new has come"! A superficial "pep talk" about how wrong violence is and how commendable "love" is, can never change peoples' hearts. Jesus spoke about a fundamental, radical change when he said to Nicodemus: "I tell you the truth: unless a man is born again, he cannot see the kingdom of God" (John 3:3).

The Christian's response to violence

- 1 Accept the reality of violence as part of this fallen reality and humanity.
- 2 Accept the reality of the Law of God as guideline for your response.
- 3 Accept the reality that your battle is not with people but with the forces of evil.
- 4 Accept the reality that only God's weapons can demolish their strongholds.
- 5 Accept that you need to be trained in the use of these weapons.
- 6 Accept that it will be a continuing challenge not to resort to counter-violence, but that only the rule of God in your heart will enable you to defeat violence inside yourself and around you.

Above all: refuse to join the choir of protest and futile ranting against the reality of violence. Rather: set an example of faith and hope based on Who the Ultimate Power is, his Great Commission and Promise (Matt 28:18-20; Acts 1:8) and his assurance: "Therefore, since we are receiving a kingdom that cannot be shaken, let us be thankful, and so **WORSHIP GOD ACCEPTABLY** with reverence and awe (instead of violence), for **OUR GOD** (not we with carnal weapons) is a consuming fire" (Heb 12:28,19).

Start today – in the circle where God has placed you.

Tegnologie en Oop Afstandsleer: Die sleutel tot meer toegang vir universiteitsopleiding

Manie Spamer

(Eenheid vir Oop Afstandsleer, NWU Potchefstroomkampus)

Agtergrond

Een van die grootste uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, is meer toegang vir studente tot Hoër Onderwys, spesifiek universiteite. Tans be-loop die getal studente in Hoër Onderwys net minder as 'n miljoen terwyl die regering sy teiken vir 2020 op 1.5 miljoen studente gestel het. Of hierdie 'n realistiese doelwit is, kan bevaagteken word, gesien teen die onlangse gebeure by universiteite. Van die belangrikste redes hoekom die doelwit nie haalbaar is nie, is eerstens die gebrek aan kapasiteit op bestaande kampusse. Universiteite beskik doodgewoon nie oor genoeg lesingslokale, laboratoriums, koshuise, ensvoorts om meer studente te akkommodeer nie. Geldelike steun vanaf regeringskant vir verdere uitbreiding is uiters beperk, gesien in die lig van die huidige ekonomiese situasie in Suid-Afrika. Om die behoefte aan te spreek, het die regering onlangs die vestiging van twee nuwe universiteite aangekondig, maar dit spreek nie naastenby die behoefte aan nie.

Die vraag is dus: hoe spreek ons die probleem van groter toegang vir studente tot universiteite aan? Die antwoord is ongetwyfeld deur die uitbreiding van oop afstandsleer aan universiteite.

Tweedens, soos die jongste ongelukkigheid deur studente rakende klaggeld bewys, het dit baie duur geword om aan 'n universiteit te

studeer. Die gevolg hiervan is dat baie potensiële studente dit eenvoudig nie kan bekostig om voltyds op kampus te studeer nie. 'n Derde rede wat deesdae al hoe meer 'n faktor word, is dat meer volwassenes toetree tot Hoër Onderwysstudies en wil studeer terwyl hulle werk. Om hulle werk op te gee vir verdere studies, is net nie haalbaar nie. Die vraag is dus: hoe spreek ons die probleem van groter toegang vir studente tot universiteite aan? Die antwoord is ongetwyfeld deur die uitbreiding van oop afstandsleer aan universiteite. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het reeds in 2014 goedkeuring aan bestaande tradisionele kontakuniversiteite gegee om ook die mark van afstandsonderrig te betree en sodoende die druk op UNISA, as enigste afstandsonderrig-universiteit in Suid-Afrika (SA), te verminder. Die jongste statistiek dui daarop dat wêreldwyd 68% van alle leerders na skool opleiding ontvang deur middel van afstandsonderrig. Verskeie mega-universiteite het as gevolg hiervan tot stand gekom, soos byvoorbeeld Indira Gandhi Open University in Indië, met bykans 3 miljoen studente en Anadolu University in Turkye met meer as 2.4 miljoen studente. UNISA bestaan tans uit meer as 250 000 studente. Uiteraard kan gevra word wat is die kwaliteit van bedryfsprosesse waar sulke groot getalle ter sprake is. 'n Verdere belangrike vraag wat ook gevra word, handel oor die rol wat tegnologie speel by die aanbieding van oop afstandsleerprogramme.

Die Noordwes-Universiteit (NWU) was een van die eerste sogenaamde kontakuniversiteite wat die besluit geneem het om meer toegang aan studente te gee d.m.v. oop afstandsleer. Sedert 2001 word programme aangebied in hoofsaaklik Onderwys, Verpleegkunde, Teologie en Lettere en Wysbegeerte. Vandag het die NWU meer as 30 000 ingeskrewe oop afstandsleerstudente

met 65 studiesentrums in SA en ander lande in suidelike Afrika. Met die stigting van die Eenheid vir Oop Afstandslereer in 2012 het die NWU afstandonderrig as een van sy prioriteite verklaar vir die toekoms, met veral die doel om meer toegang aan studente te gee wat aan 'n universiteit verder wil studeer. Vandag is die NWU, naas UNISA, die tweede grootste universiteit in SA met bykans 70 000 studente. Oor die jare het die NWU baie navorsing gedoen oor watter modus van aanbidding die beste waarde vir sy kliënte sou bied.

Die ontwikkeling van moderne tegnologie het die NWU in staat gestel om kwaliteit onderrig en ondersteuning aan afstandstudente te bied. Kortliks behels oop afstandslereer aan die NWU die volgende metodes van aanbidding en kwaliteitskontrole.

Metode van aflewering

- Die volle akademiese kwaliteit en verantwoordelikheid is geleë by fakulteite. Hulle ontwikkel die akademiese inhoud, dien programme in vir akkreditasie, verkry die verskillende kwaliteitsgoedkeuring en wys dosente aan vir die onderrigkomponent. As dieselfde program vir op-kampus studente en afstandstudente aangebied word, is die inhoudelike aspekte en assessering dieselfde.
- Studente registreer as oop afstandslereerstudente wat onder andere behels: 'n minimum en maksimum studietydperk (weens die feit dat baie studente werkende mense is, word 'n jaar of meer toegestaan), studente kan enige tyd van die jaar registreer en kry 'n aantal assesseringsgeleenthede tydens die studietydperk waartydens eksamens afgeneem kan word (as modules dieselfde as op-kampus is, word vraestelle op dieselfde dag en tyd gesamentlik geskryf).
- Alle geregistreeerde afstandstudente se studiemateriaal, onder andere studiegids, handboeke, leesbundels en CD's is ingesluit in hulle klaskasse. Programme wat reeds ontwikkel is vir elektroniese aanbidding, gebruik eFundi (NWU platform) waar studente die meeste studiemateriaal kan kry of met dosente kan kommunikeer.

Die NWU is tans die enigste universiteit wat gebruik maak van die aanbidding van klasse deur middel van interaktiewe witborde. Die metode behels dat die dosent sy klas vanaf 'n ateljee op kampus aanbied (daar kan ook studente in die klas op Potchefstroom wees), en dit via Internet na die onderskeie studiesentrums uitgesaai word.

- Die metode van onderrig behels interaktiewe witborde, fasiliteerders of groepbesprekings. Die NWU is tans die enigste universiteit wat gebruik maak van die aanbidding van klasse deur middel van interaktiewe witborde. Die metode behels dat die dosent sy klas vanaf 'n ateljee op kampus aanbied (daar kan ook studente in die klas op Potchefstroom wees), en dit via Internet na die onderskeie studiesentrums uitgesaai word. By elke sentrum is 'n sentrumbestuurder en IT-ondersteuning aan diens om uitsendings vlot te laat verloop. Elke studiesentrum beskik ook oor WiFi-toegang. Studente kan vrae vra aan die dosent, of hulle kan op die witborde skryf vanaf enige studiesentrum, bv. om 'n wiskunde probleem te verduidelik. Alle lesings wat aangebied word, word opgeneem en op Internet gestoor vir enige student wat weer na die lesing wil luister of vir studente wat nie die klas kon bywoon nie. Vir studente wat nie 'n kontakgeleentheid by 'n studiesentrum kan bywoon nie, bestaan die fasiliteit om dit op hulle persoonlike rekenaar te kan volg. Verder word fasiliteerders by studiesentrums aangestel vir verdere ondersteuning aan studente.
- Alle vorme van assessering, bv. toetse, werksopdragte en eksamens, word op kampus gemerk. Die NWU beskik tans oor 140 eksamensentrums waar studente eksamens kan aflê.

- Studente word verder ondersteun deur 'n oproepsentrum waar alle navrae hanteer word, hulle kry gereelde sms'e oor doeldatums of veranderings in program, Facebook-skakeling, ekstra klasse vir probleemmodules en gereelde besoeke deur NWU-personeel aan sentrums. Kontak-klasse geskied vanaf Maandag tot Saterdag, afhangende van watter program gevolg word.

Waar die NWU se afstandsprogramme die afgelope jare van 'n beskeie 27 studente tot meer as 30 000 gegroei het, is dit nodig om ook objektief te kyk na enkele voor- en nadele van oop afstandslereer (OAL) aan die NWU.

Voordele van OAL

- Baie studente wat nooit toegang tot universiteitsopleiding sou gehad het nie as gevolg van 'n tekort aan geld, kan nou goedkoper studeer. Gewoonlik is afstandsprogramme sowat 20-30% goedkoper as soortgelyke kursusse op kampus. Verdere besparings sluit in dat geen koshuisverblyf nodig is nie en handboeke wat deel is van die studiemateriaal.
- Studente woon klasse naby hul wonings by. Hulle ontvang klasse direk van die dosent deur middel van interaktiewe wtborduitsendings. Veral studente in landelike omgewings trek baie voordeel uit dié modus van aflewering.
- Kwalifikasies wat deur middel van oop afstandslereer verwerf word, word aan kwaliteitskontrole en -prosesse onderwerp. Die inhoud is dieselfde as dié van programme op kampus, dieselfde eksamens word geskryf en die Kwaliteitsafdeling van die Eenheid vir Oop Afstandslereer doen gereelde aksienavorsing om kwaliteit te bepaal en volgens die inligting aanpassings te maak indien nodig.
- Werkende mense kan deur middel van afstandslereer en moderne tegnologie studeer sonder onderbreking van hul werk.
- Aangesien bestaande universiteite nie oor die nodige fasiliteite beskik om meer studente op kampus toe te laat nie, kan hulle hul getal studente vermeerder deur programme oor afstand aan te bied en gevolglik hul inkomste ook uit te brei.

- Tegnologie in Hoër Onderwys ontwikkel wêreldwyd met rasse skrede. Die tendens is om al hoe meer programme ten volle aanlyn aan te bied waar studente in hul eie tyd kan studeer met die nodige ondersteuning. Die voordeel hiervan is dat 'n universiteit in die nabye toekoms sy kontak- en afstandstudente dieselfde ervaring ten opsigte van onderrig-leer sal kan gee.

Nadele van OAL

- Oop afstandslereer as modus van aflewering is vreemd vir persone wat gewoon was aan konvensionele kontakonderrig. Vir die ouer garde dosente is tegnologie soms vreesaanjaend en is hulle sku om heropleiding in die multi-modale metode van aflewering te ontvang. By oop afstandslereer, waar minder kontakgeleenthede is as vir voltydse kontakstudente, moet dosente deeglik beplan en kernaspekte kan uitlig. Baie dosente het die vaardigheid bemeester en lewer uitstekende werk, terwyl sommige nog moet transformeer.
- Jaarprogramme en doeldatums word lank voor die tyd vasgestel. Dosente kan dus nie soos op kampus teikendatums of lesinginhoud op kort kennisgewing verander nie. Dit kan lei tot frustrasies by studente.
- Sekere programme, veral waar laboratoriumwerk ter sprake is, is uitdagend om op afstand aan te bied. Die probleem kan tot 'n mate voorkom word deur bv. by skole en hospitale laboratoria te huur vir praktiese onderrig.
- Studente ervaar 'n gebrek aan sosiale interaksie weens die feit dat hulle meestal in isolasie studeer en aangewese is op selfgerigte leer.
- Deeglike infrastruktuur, wat finansiële insette vra, kan duur wees om op te rig en te onderhou.

Vir 'n tradisionele kontakuniversiteit om toe te tree tot afstandsonderrig, sal bepaalde uitdagings, soos die implementering van moderne tegnologie, ekstra infrastruktuur op- en af-kampus en spesialisemensekapitaal 'n vereiste wees.

Opsommend

Oor die toekomstige rol van tegnologie en oop afstandsl eer by hoër onderwysinrigtings in SA kan die volgende gestel word: Die druk op die regering gaan stelselmatig toeneem om meer studente toe te laat soos die

verwagte vraag gaan toeneem. Om bloot die uitdagings te ignoreer, kan katastrofiese gevolge vir die land inhou. Die regering sal spoedig planne op die tafel moet sit om toegang te vermeerder. Een van die logiese stappe, soos wêreldwyd tans die al groter wordende tendens is, is die gebruik van oop afstandsl eer. Vir 'n tradisionele kontakuniversiteit om toe te tree tot afstandsonderrig, sal bepaalde uitdagings, soos die implementering van moderne tegnologie, ekstra infrastruktuur op- en af-kampus en spesialisemensekapitaal 'n vereiste wees. Op die lange duur behoort dit die nodige dividende te lewer en sal dit nie alleen finansiële voordele inhou nie, maar ook 'n betekenisvolle bydrae lewer tot verhoogde toegang aan voornemende studente. Vir oop afstandsl eer om te realiseer, sal universiteitsbesture die nodige visie aan die dag moet lê.

Greeff, Marius. 2016. **Bielie Bybelpretboek**. Kaapstad: Lux Verbi. Prys: R110. ISBN: 978-0-7963-1859-6. 160pp.

Resensent: Marinus Paswon

Die *Bielie Bybelpretboek 3* is kopkrappers geskryf deur Marius Greeff. Die *Bybelpretboek* bevat onder andere woordsoeke, koderaaie, blokraaie en sudoku's. Meer as 160 pretaktiwiteite kan voltooi word deur blokraaisel- en ander woordspeletjie-liefhebbers. Die *Bybelpretboek* is 'n veelsydige boek waardeur Bybelkennis opgedoen kan word. Daarom is dit ook opvoedkundig vir enige persoon wat reeds oor die nodige kennis beskik of graag hulle kennis wil verbreed van Bybelstudie. Hierdie boek is sterk aan te beveel vir katkisasie- en Sondagskoolklasleiers en leerders. Dit is 'n boek wat ure se genot verskaf terwyl kennis verbreed word, omdat daar antwoorde in die Bybel nageslaan moet word. Die boek kan gebruik word om onder andere Bybelvasvrae op te stel en die nodige Bybelkennis aan katkisante oor te dra. Persone wat by die boek kan baat vind, is onder andere onderwysers, leerders, ouers en selfs predikante.

Drukpunte: 'n Bestekopname van Hoër Onderwys in Suid-Afrika

Wynand Greffrath

(Navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie, NWU Potchefstroomkampus)

Inleiding

Die eksploitering van drukpunte in medisyne en gevegkuns berus op die aanname dat spesifieke areas van die menslike liggaam gemanipuleer kan word om akute uitwerkings te hê, hetsy om genesing of pyn te veroorsaak. Om drukpunte op die liggaam te teiken, vorm veral deel van dissiplines in die Oosterse gevegkuns. Op hierdie manier word sensitiewe en kwesbare areas van die opponent se liggaam geteiken met skerp en gefokusde slae met nypende effek. Knieë, gewigte, ribbes, die neus en kakebeen is almal voorbeelde van drukpunte wat kwesbaar is teen 'n kundige teenstander se aanvalle.

Die onstabiliteit en onsekerheid op universiteitskampusse regoor die land is simptome van die ongekende druk wat op hoërondewysinstellings uitgeoefen word. Alle getuies dui daarop dat hierdie druk oor die volgende maande en jaar sal toeneem.

Die algemene beginsel waaronder drukpunte in gevegkuns aangewend word, is dat enige scenario, hetsy in die kryt of in die alledaagse lewe van mense of instellings, sekere fasette bevat waar die uitoefening van skerp en gefokusde druk 'n eksponensiële uitwerking kan hê op 'n resultaat. Dieselfde vertrekpunt is van toepassing op die scenario waarin die Suid-Afrikaanse hoërondewyssektor tans verkeer. Die onstabiliteit en onsekerheid op universiteitskampusse regoor die land is simptome van die ongekende druk wat op hoërondewysinstellings uitgeoefen word. Alle


getuies dui daarop dat hierdie druk oor die volgende maande en jaar sal toeneem.

Die drukpunte van plaaslike universiteite

Wat kan gevolglik beskou word as drukpunte in die konteks van Hoër Onderwys in Suid-Afrika? Volgens die algemene beginsel wat voorheen toegelig is, word sodanige drukpunte aangetref in plekke waar universiteite relatief kwesbaar en selfs weerloos is, maar waar die uitoefening van druk 'n akute en verlamende uitwerking het. Vanuit hierdie hoek beskou, kan verskeie kwessies en aspekte uitgesonder word as drukpunte in terme van Suid-Afrikaanse universiteite.

Sosio-maatskaplike kwelpunte

Die huidige Statistikus-Generaal, Pali Lehloha, het onlangs die omstandighede van Suid-Afrikaanse jeug as 'n "cocktail of disaster" beskryf.¹ Die demografie getuig van 'n bevolkingsprofiel waar 'n volle 36% van die bevolking tans tussen die ouderdomme van 15 en 34 is.



¹ <http://www.iol.co.za/capetimes/unemployment-stats-cocktail-of-disasters-2011277>

Hierdie demografiese realiteit verteenwoordig 'n druppunt vir universiteite, omdat dit die jeug is wat as bevolkingsgroep die grootste aanspraak maak op die geleenthede van Hoër Onderwys. Gegewe hierdie feite is dit duidelik dat universiteite vir *ten minste die volgende twee dekades* onder ongekende druk geplaas gaan word om toegang te verskaf aan skoolverlaters. Ten spyte daarvan dat jaarlikse universiteitsinskrywings letterlik verdubbel het tussen 1994 en 2014, is daar in die bestek van twee dekades net twee addisionele universiteite tot stand gebring. Die aanvraag na hoër onderwys oortref dus die aanbod van beskikbare plekke by universiteite en hierdie wanbalans sal voortduur vir die voorsienbare toekoms. Om toegang te bied aan die massas jongmense wat aanspraak maak op universiteitsopleiding met beperkte (en tans krimpende) hulpbronne, veronderstel noodwendig 'n verlies aan die gehalte opleiding wat universiteite kan bied. Universiteite word dus uitgelewer aan demografiese tendense ver buite dié instellings se beheer waarvan die akute uitwerking op een van die mees fundamentele eienskappe van die universiteit gevoel mag word, naamlik uitnemendheid.

Basiese onderwys

Staatsbesteding op onderwys in Suid-Afrika beloop jaarliks ongeveer 20% van die nasionale begroting (6.6% van BBP). Tog is dit duidelik dat die plaaslike onderwysstelsel onderpresteer in relatiewe en absolute terme. 'n Studie deur die Wêreld Ekonomiese Forum plaas die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in die 126ste posisie uit 'n totaal van 140 state.² Dieselfde opname plaas die kwaliteit van wiskunde- en wetenskapsonderrig in die 138ste (d.w.s. derde laaste) posisie. Hierdie onderprestasie in terme van kwaliteit kontrasteer met 'n hoë matriekslaagsyfer, wat in 2013 78% bereik het, voordat dit in 2014 tot 75.8% gedaal het en verlede jaar verder tot 70.7% afgeneem het. Daar bestaan dus 'n gaping tussen die persepsies en uitkomst van onderwys in Suid-Afrika. Verskeie waarnemers, waaronder universiteitsleiers, het gevolglik die akkuraatheid en legitimiteit van onlangse matriekslaagsyfers bevraag-

teken.³ Die onderprestasie van die basiese onderwysstelsel is 'n druppunt vir universiteite vanweë die feit dat matrikulante die basiese inset is tot die hoëronderwysstelsel. 'n Lae kwaliteit inset verg addisionele moeite en hulpbronne ten einde 'n aanvaarbare uitset te lewer. Tans bestuur universiteite hierdie probleem deur verlengde studieprogramme te bied in sekere programme. Sodanige verlengde programme voeg 'n addisionele studiejaar tot die duur van die betrokke kwalifikasie, waartydens addisionele fondasie-modules aangebied word om studente te ondersteun. In werklikheid word basiese onderwysfunksies dus op tersiêre vlak verrig. Verlengde studieprogramme word toenemend die norm by universiteite (by die Universiteit Stellenbosch word verlengde studieprogramme reeds in ses fakulteite aangebied). Die stotterende basiese onderwysstelsel verseker dus dat hoër volumes onvoorbereide studente toegang verkry en aanspraak maak op tersiêre onderwys. 'n Verswarende faktor in hierdie verband is die lae drumpel vir matrikulasie met universiteitsvrystelling – tans 30% in die taal van onderrig en 50% vir ten minste vier ander vakke. Die problematiek word geïllustreer deur die drastiese toename in matrikulante met universiteitsvrystelling.⁴

JAAR	AANTAL	% VAN TOTAAL
2008	107 274	20.1%
2009	109 697	19.9%
2010	126 371	23.5%
2011	120 767	24.3%
2012	136 047	26.6%
2013	171 755	30.6%
2014	150 752	28.3%
2008-2014	+40.5%	+40.8%

Oor die afgelope ses jaar het die absolute getal universiteitsvrystellings met meer as 40%

² <http://reports.weforum.org/global-competitiveness-report-2015-2016/competitiveness-rankings/>

³ <http://businesstech.co.za/news/general/76561/sas-real-matric-pass-rate-41/>

⁴ Departement van Basiese Onderwys. 2014. Verslag oor die Nasionale Seniorsertifikaatuitslae. Bl. 63.

toegeneem, asook die proporsie van matrikulante wat slaag met universiteitsvrystelling. Hierdie is 'n druppunt waarvan universiteite die akute impak tot dusver goed kon bestuur en versag. Dit is egter onduidelik watter invloed die verdere verswakking van die basiese onderwysstelsel op universiteite mag hê.

Finansiering en die ekonomie

Suid-Afrika spandeer slegs sowat 0.71% van die bruto binnelandse produk op die befondsing van Hoër Onderwys. Hierdie persentasie is relatief laag in vergelyking met sommige ander ontwikkelende state, soos Indië (1.2%), Ghana (1.44%) en selfs Brasilië (0.95%). Daar bestaan dus beperkte hulpbronne om die snel-groeiende eise (soos reeds uiteengesit) tot hoër onderwystoegang te akkommodeer. Die befondsingsvooruitsig is verder aansienlik versleg deur die president se besluit om fooiverhogings te skrap vir 2016, na aanleiding van die #FeesMustFall betogings. 'n Vergelyking van die bronne van universiteite se inkomste oor 'n twaalfjaar tydperk dui op die kritiese rol wat studentegelde in hierdie verband speel:

INKOMSTEBRON	2000	2012
Studentegelde	24%	31%
Regeringsubsidie	49%	40%
Derde Geldstroom	27%	29%
Totaal (R Miljard)	32.5	49.9

Vanuit hierdie syfers is dit duidelik dat universiteite nou meer as ooit vantevore staatmaak op studentegeld om kernbesigheid te befonds. Verder is dit ook duidelik dat regeringsubsidie as persentasie van befondsing afgeneem het oor die afgelope twaalf jaar. Die groei in derde geldstroom inkomste, waaroor daar gewoonlik hoog opgegee word in die sektor, is relatief klein. Gegewe die feit dat universiteite *meer afhanklik word* van studentegelde en die groei in derde geldstroom fondse met moeite bekom word, tref 'n veldtog soos #FeesMustFall 'n uiters kwesbare druppunt. Daar is aanduidings dat universiteite reeds operasionele kostes uit reserwefondse verhaal, en dat afleggings in die korttermyn nodig sal wees om die

volhoubaarheid van sommige universiteite te verseker.⁵

Die #FeesMustFall-veldtog het duidelik bevestig dat universiteite nie toegerus is om met ontwrigtende protes te reken nie, en dat dié instellings werklik weerloos is teen eise wat in gewelddadige terme geformuleer word. Inderwaarheid dui die eskalering van geweld by kampusse op 'n kragtige vorm van anti-intellektualisme, wat skadelik is vir die kennistaak van die universiteit.

Gewelddadige protes

Soos met die individu, so word universiteite se mees kwesbare drupunkte ook blootgelê deur die gebruik van kragdadigheid en geweld. Die #FeesMustFall-veldtog van 2015 het hierdie punt geïllustreer toe talle kampusse lamgelê is deur die skrikbewind wat geheers het gedurende Oktober van daardie jaar. Die besondere impak, doeltreffendheid en eindelike sukses van hierdie veldtog kan toegeskryf word aan die wyse waarop die strategie van geweld lynreg in stryd is met die karakter en identiteit van die universiteitswese. Hedendaagse universiteite is instellings wat put uit 'n lang tradisie van evolusionêre ontwikkeling rondom een kerndoelwit – die nastreef van kennis. Hierdie doelwit word bereik deur intensiewe intellektuele werksaamhede, die stryd van idees en die beoefening van die wetenskap. Fundamenteel tot hierdie aktiwiteite is waardes van akademiese vryheid, verdraagsaamheid en vakkundige en dissiplinêre norme wat strek tot die bemagtiging van die kennistaak en -funksie. Die pleeg van fisiese geweld teenoor die akademië, studente of infrastruktuur van 'n universiteit verteenwoordig derhalwe die absolute teenpool van die waardes en

⁵ <http://www.groundup.org.za/article/uct-jobs-shed/>

doelwitte wat onderliggend is tot die nastreef van kennis. Tog is geweld met sukses ingespan tydens die onlangse studentepotes; *nie in die kennisdomein nie, maar in die verowering van sosio-ekonomiese en politieke doelwitte*. Verder het die kapitulering van universiteitsbesture en die regering feitlik verseker dat 'n volgende vlaag van die protesbeweging oor kampusse landwyd sal vee in die nabye toekoms. Die #FeesMustFall-veldtog het duidelik bevestig dat universiteite nie toegerus is om met ontwrigtende protes te reken nie, en dat dié instellings werklik weerloos is teen eise wat in gewelddadige terme geformuleer word. Inderwaarheid dui die eskalering van geweld by kampusse op 'n kragtige vorm van *anti-intellektualisme*, wat skadelik is vir die kennistaak van die universiteit. Indien die relatief hoë vlakke van sistemiese geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing ook in die toekoms toenemend permanent uitkring na universiteite, sal dit verreweg die mees kommerwekkende en problematiese drukpunt vir hoër onderwys in die land vergestalt.

Terwyl die staat en vele ander samelewingsinstellings bevoeg is om maatskaplike vraagstukke aan te spreek, is universiteite die enigste instellings wat 'n kennistaak met voortreflikheid kan vervul.

Samevatting

Dit is kommerwekkend dat die bogenoemde drukpunte reeds in reële terme, eerder as potensiële terme, bespreek moet word. Die feit is egter dat daar op hierdie tydstip reeds aansienlike druk uitgeoefen word op universiteite vanuit elkeen van hierdie vier domeine. Gevolglik word die luuksheid (noodsaaklikheid?) van beplanning en 'n voorvoetingssteldheid ontnem, terwyl universiteite toe-

nemend reaksionêr en op die agtervoet moet skerm vir die belange van die akademie, die instelling, studente en personeel.

Verder, vanuit die analise van die bogenoemde drukpunte, is dit duidelik dat die ontluikende krisis in die Hoër Onderwyssektor ontstaan as gevolg van *regeerkundige mislukkings waarvan die uitwerkings universiteite direk raak*. Derhalwe word diepliggende kwessies soos behuising, werkloosheid, vervoer en selfs voedsel voor die deur van universiteite geplaas, terwyl dié instellings magteloos en onopgewasse is om hierdie kwessies op 'n betekenisvolle wyse aan te spreek. Die sosio-ekonomiese en maatskaplike fasette van 'n samelewing is immers die primêre domein van die staat en mislukkings op hierdie terreine plaas gevolglik druk op ander samelewingsinstellings. Sodanige mislukkings lê ook in die kern van geweld in die samelewing, hetsy in die vorm van kriminaliteit en misdaad, of arbeidsonlus en protes.

Die vooruitsig vir die samelewing oor die algemeen en universiteite in die besonder as samelewingsinstellings hoef egter nie noodwendig verder te versleg nie. Die behandeling van drukpunte op die liggaam kan telkens ook 'n genesende effek hê. Druk en masering op spesifieke plekke kan verligting en beterskap bring. Op dieselfde wyse lê dit op regeringsvlak om spesifieke probleme en kwessies in die samelewing aan te spreek om sodoende die akute druk op Hoër Onderwys te verlig. Universiteite kan en moet natuurlik hier 'n ondersteunende rol speel, insover dit nie afbreuk doen aan die instellings se kardinale kennistaak nie. Uiteindelik val die bewegredes agter die voortdurende studentepotes buite die bevoegdheid van universiteite – universiteite het nóg die kapasiteit, nóg die hulpbronne om diepliggende samelewingskwessies op te los. Terselfdertyd, terwyl die staat en vele ander samelewingsinstellings bevoeg is om maatskaplike vraagstukke aan te spreek, is universiteite die *enigste* instellings wat 'n kennistaak met voortreflikheid kan vervul.

'n Pleidooi vir goeie regeerkunde in Afrika

Tania Coetzee

(Fakulteit Geesteswetenskappe, Regeerkunde en Politieke Transformasie,
Universiteit van die Vrystaat)

Inleiding

Afrikastate het gemengde welslae ten opsigte van die vestiging van goeie regeeringspraktyke. Die probleem is dat goeie regeerkundepraktyke tyd neem om gevestig te word. Dit is ook noodsaaklik dat 'n regering die waarde van goeie regeerkundepraktyke moet besef en die verskil kan sien wat dit vir die burgers inhou. Hoekom is die vordering van goeie regeeringspraktyke so tydrowend en moeilik om te vestig? Watter faktore speel 'n rol in die vestiging van goeie regeeringspraktyke? Die doel van die artikel is om regeerkunde en demokrasie kortliks te omskryf, om die regeerkunde-uitdagings in Afrika te ontleed en laastens voorstelle te maak om goeie regeerkundepraktyke te verbeter.

Regeerkunde is die "kernbesigheid" van 'n regering wat onder andere die neem van besluite, oplossing van konflik, organisering van verkiesings en die verspreiding van ekonomiese en sosiale hulpbronne insluit. Dit moet duidelik gestel word dat 'n regering as instelling nie die enigste rolspeler in die vestiging van goeie regeerkunde is nie.

Regeerkunde

Regeerkunde word deur Munshi, Abraham en Chaudhuri in hulle boek *The intelligent person's guide to good governance* (2009) gedefinieer as aksies of wyses van regering.

Regeerkunde verwys na alle formele en informele aksies van die regering om 'n bepaalde gemeenskaplike doel te bereik. Regeerkunde verwys na bepaalde sisteme, instellings en norme. Regeerkunde is dus die "kernbesigheid" van 'n regering wat onder andere die neem van besluite, oplossing van konflik, organisering van verkiesings en die verspreiding van ekonomiese en sosiale hulpbronne insluit. Dit moet duidelik gestel word dat 'n regering as instelling nie die enigste rolspeler in die vestiging van goeie regeerkunde is nie. Chhotray en Stoker, in hulle boek *Governance theory and practice: a cross-disciplinary approach* (2010), verwys na 'n netwerk van outeurs en vennootskappe wat betrokke is by regeerkunde. Samevattend kan goeie regeerkunde volgens Munshi, Abraham en Chaudhuri beskou word as 'n oop en deursigtige beleidmakingsproses. Daar moet 'n effektiewe burokrasie teenwoordig wees met 'n professionele etos. Verder moet die uitvoerende regeeringsinstelling aanspreeklik wees vir sy aksies (kapasiteit om beleid uit te voer) en, soos reeds genoem, moet daar 'n sterk deelnemende burgerlike samelewing (demokrasie) teenwoordig wees.

Teen die agtergrond van die laaste opmerking kom die konsep van "goeie regeerkunde" ter sprake. Goeie regeerkunde is 'n normatiewe konsep en alhoewel regeerkunde as globale konsep aanvaar word, is daar nie altyd konsensus oor wat "goeie" regeerkunde behels nie. Daar kan dus tereg gevra word: Wat is goed? Vir wie is dit tot voordeel en hoe word "goed" bepaal? Uit die boek van Davis, Fisher, Kingsbury en Merry, *Governance by indicators: global power through quantification and rankings* (2015), is dit duidelik dat goeie regeerkunde verstaan moet word vanuit 'n Westerse perspektief en Westerse standaarde. Die Wêreldbank bepaal op hierdie stadium die waardes, indikatore, riglyne en kriteria van goeie regeerkunde.

Demokrasie

Demokrasie kan gesien word as een van die voorvereistes van goeie regeerkunde. Demokrasie bring nuwe dimensies en verandering in regeringspraktyke na vore. Gepaardgaande hiermee is die publieke deelname van die burgers in plaaslike regeringsprosesse 'n stukrag vir ontwikkeling. Regeerkunde verwys volgens Mark Bevir in sy boek *Key concepts in governance* (2009) na verteenwoordiging en verantwoordelike regering in ooreenstemming met die wil van die meerderheid. Deelnemende regeerkunde het ten doel om die demokrasie te verdiep en te verbreed, asook om die publiek te bemagtig en om dominansie van een party te voorkom. Publieke deelname moet ook met die nodige deursigtigheid en openheid gepaard gaan. Deelnemende regeerkunde is dus verbind tot goeie besluitneming met die oog daarop om behoeftes en uitdagings aan te spreek met die doel om 'n stabiele land tot gevolg te hê. Om saam te vat: goeie regeerkunde beteken 'n openbare demokratiese deelname van die burgers wat oop, deursigtig, verantwoordbaar en verteenwoordigend is van alle individue en groepe binne gemeenskappe wat poog om deel te wees van besluitneming.

Situasie in Afrika

Daar word baie tyd en energie spandeer om Afrikastate behulpsaam te wees in die vestiging van goeie regeerkundepraktyke en om demokrasieë en demokratiese waardes te vestig – aldus die artikel van Netswera en Phago, *Perceptions about municipal governance in the post-1996 era: the case of Thulamela Local Municipality* (2011). Die doel van regeerkunde is onder andere om politieke stabiliteit, ekonomiese ontwikkeling en sosiale geregtigheid te vestig. Die waarde van goeie regeerkunde lê in effektiwiteit, harmonie en individuele regte of gemeenskaplike doelwitte.

Vanuit die geskiedenis blyk dat Afrikastate dit moeilik vind om regeerkunde te vestig vanweë beperkte deelname van die burgers, swak aanspreeklikheid, swak verhouding tussen regeerders en die Afrikabevolking, die regeerders se reg om reëls en wette te implementeer en om strukture te ontwikkel wat alle plaaslike beheer geëlimineer het, die ontwikkeling van beperkte staatstrukture, die vernietiging van tradisionele instellings en

organisasies en die vestiging van 'n sentrale regering (Weingarth en Wiederer, 2011. *Africa: sad proof that institutions do matter. Good governance in the 21st century: conflict, institutional change, and development in the era of globalization*).

Volgens die Wêreldbank word Botswana beskou as een van die state wat goeie regeerkunde toepas omdat daar aanspreeklikheid, politieke stabiliteit, afwesigheid van geweld, regeringseffektiwiteit, gereelde verkiesings, verdeling van staatsgesag (wetgewend, uitvoerend en regsprekend) en erkenning van die oppergesag van die reg teenwoordig is.

As daar na die redes vir swak regeerkunde in Afrika gekyk word, sluit Pomerants se *Development theory* (2011) die volgende in: die beperkte rol van die regering in markte, onvoldoende fokus op hervorming, geen substansie in beleid nie, daar is beperkte kapasiteit en toewysing, swak beleidsimplementering, gebrek aan deursigtigheid, beperkte beleidsverandering, die regering is nie by magte om hulle eie visie te formuleer nie, fiskale beperkings en groot skuld, swak deelname op voetsoolvlak, swak kennis aangaande goeie regeerkundepraktyke, 'n regering wat nie verandering te weeg kan bring nie en die onvermoë om vennote te betrek. Kapasiteit en lae prestasie is werklik problematies in Afrika. Ongelukkig is daar baie hulpbronne in Afrikastate wat op 'n onkundige en swak manier bestuur word. Die invloed van korrupsie en konflik laat 'n blywende negatiewe persepsie van regeerkunde in Afrika. Conway (2012) voer aan dat die Republiek van die Kongo een van die rykste state in Afrika kan wees (*Prospecting for better governance in the Democratic Republic of Congo*), maar inderdaad een van die lande is wat die grootste beleggingsrisiko bied omdat daar swak regeerkunde toegepas word. Die teenoorgestelde vind ons in Botswana waar daar min korrupsie is en vanweë

die aanwesigheid van politieke stabiliteit en politieke pluraliteit, manifesteer dit in goeie regeerkundepraktyke. Volgens die Wêreldbank word Botswana beskou as een van die state wat goeie regeerkunde toepas, omdat daar aanspreeklikheid, politieke stabiliteit, afwesigheid van geweld, regeringseffektiwiteit, gereelde verkiesings, verdeling van staatsgesag (wetgewend, uitvoerend en regsprekend) en erkenning van die oppergesag van die reg teenwoordig is.

Voorts kan genoem word dat Niger en Zambië, soos baie ander Afrikastate, geteister word deur swak regeerkundepraktyke. Libië, Egipte en Tunisië, Uganda en Senegal word gekenmerk deur opstand teen diktatorskap. Korrupsie in Zimbabwe en Kenia is kommerwekkend, terwyl staatsgrepe in Mauritanië, Guineë, Niger en Madagaskar onstabielheid in dié lande verhoog, aldus Bond se *Africa's 'Recovery': Economic growth, governance and social protest* (2011). Zambië is 'n duidelike bewys dat effektiewe belastinginsameling wel kenmerkend is van goeie regeerkundepraktyke. Dit lei tot die verbetering van infrastruktuur en 'n algemene beter lewenskwaliteit vir die landsburgers. In dieselfde lig kan voorbeelde van Ethiopië, Ghana en Rwanda genoem word waar daar spesifiek melding gemaak kan word van ekonomiese ontwikkeling, verdieping van demokrasie en sterk leierskap – alles belangrike elemente van goeie regeerkunde. In Ethiopië is daar spesifiek vooruitgang in die regstelsel, desentralisasie om regeringsbeleid meer effektief te implementeer, asook programme en strategieë in plek om deursigtigheid en aanspreeklikheid te verbeter. Verskeie instellings (anti-korrupsie en mense-regte) is daargestel om goeie regeerkunde in Ethiopië te vestig. Politieke leiers is toegewys aan die vestiging van goeie regeerkundepraktyke. Desnieteenstaande is daar wel nog uitdagings ten opsigte van kommunikasie-strategieë en om vennote en belangegroepedeel te kan maak van besluitneming.

Uitdagings en Slot

Hoe kan Afrika se regeerkundepraktyke hersien en aangepas word om aan goeie regeerkundepraktyke te voldoen? Is daar die

politieke wil, oortuiging en stelsels waardes om goeie regeerkunde te vestig? Wat sal Afrika motiveer om goeie regeerkundepraktyke te implementeer, of sal Afrika gedwing word om slegs ter wille van oorlewing goeie regeerkundepraktyke in te stel?

Beginsels van goeie regeerkunde en demokratisering vereis openheid en die gewilligheid om gekritiseer te word. Waar goeie regeerkunde beoefen word, moet implementering van beleid, ekonomiese ontwikkeling en 'n korrupsievrye klimaat aanwesig wees. Daar moet ook 'n politieke wil aanwesig wees om die welvaart van die samelewing en volhoubare ontwikkeling deur sosiale geregtigheid te kan vestig. 'n Verdere aspek waaraan aandag gegee moet word, is die verband en onderliggende verhouding en samewerking tussen die burgery en die regering. Politieke instellings het volgens Weingarth en Wiederer nie verbeter in die demokratiseringsproses nie en Afrika word gekenmerk deur lae vlakke van deelname in die politieke arena. Daar moet meer klem gelê word op deelnemende regeerkunde wat gesien kan word as die transformasie en oordrag van mag en besluitneming. Deelname van die samelewing en burgers in besluitnemingsprosesse dra by tot die verhoging van deursigtigheid en aanspreeklikheid.

Spesifiek in Afrika is dit noodsaaklik om Afrikaleiers te versoek om goeie regeerkundepraktyke te stimuleer deur respek vir die grondwet, demokrasie en menseregte deel van hulle bestel te maak. Dit is belangrik dat hulle klem plaas op eerlike, aanspreeklike en deelnemende regering, goeie regeerkunde en om korrupsie te bestry, soos Mbata en Mangu aantoon in *State reconstruction, leadership legitimacy and democratic governance in Africa* (2008).

Om demokrasie te bevorder, is goeie politieke regeerkunde van kritieke belang. Op so 'n manier kan die staat sy kapasiteit en ontwikkelende leierskap bevorder waar goeie regeerkunde gepaard gaan met goeie ontwikkelingsbestuur. Met die suksesse wat reeds behaal is, bestaan daar geen twyfel dat effektiewe regeerkunde die antwoord op talle probleme in Afrika is nie.

Informele indiensname in Suid-Afrika – dit gaan al swaarder

Derick Blaauw
(Skool vir Ekonomie, NWU Potchefstroomkampus)

Inleiding

Die meerderheid armes in ontwikkelende lande is afhanklik van die informele ekonomie om ten opsigte van die materiële te oorleef. Die standhoudendheid en groei van die informele ekonomie het oor tyd bewys dat die informele ekonomie nie 'n tydelike verskynsel in die ontwikkelingsproses is nie. Dit wag nie om deur die formele sektor van die ekonomie geabsorbeer te word nie. Intendeel, daar word nou aanvaar dat die formele en informele sektore tesame met mekaar bestaan, en is op subtiele en ingewikkelde wyses baie nou aan mekaar gekoppel.

In die nasleep van die stroewe formele indiensnemingsvooruitsigte in die Suid-Afrikaanse ekonomie, vind Suid-Afrikaners en buitelandse immigrante, wettig en onwettig, die informele ekonomie 'n toenemend belangrike bron van ekonomiese geleentheid en inkomste.

In die nasleep van die stroewe formele indiensnemingsvooruitsigte in die Suid-Afrikaanse ekonomie, vind Suid-Afrikaners en buitelandse immigrante, wettig en onwettig, die informele ekonomie 'n toenemend belangrike bron van ekonomiese geleentheid en inkomste. Dit is belangrik om van die staanspoor af hierdie konsep duidelik te definieer.

Die informele *ekonomie* bestaan uit alle informele *sektor-werksgeleenthede* plus dié

wat in die formele *sektor* werk sonder om gedek te word deur formele reëlings soos indiensnemingskontrakte en byvoordele (m.a.w. hulle is almal informeel *in diens*). Die opkoms van die dagarbeider-fenomeen pas goed by hierdie beskrywing in.

Die volharding en uitbreiding van informele indiensnemingsverskynsels soos dagarbeiders in beide ontwikkelde en ontluikende ekonomieë lei tot die bevraagtekening van baie van die heersende analyses oor informele indiensneming. Nik Theodore, Derick Blaauw, Rinie Schenck, Abel Valenzuela Jr., Christie Schoeman en Edwin Meléndez suggereer in hul artikel *Day labor, informality and vulnerability in the United States and South Africa* (2015) dat die verhouding tussen informele indiensneming en wyer patrone van arbeidsmarkherstrukturering geherkonseptualiseer moet word. Dit beklemtoon die dringende behoefte aan navorsing om die kwesbaarhede wat werkers in die informele ekonomie in die gesig staar, te dokumenteer en te analiseer. Hierdie noodsaaklikheid is verder geneem in die literatuur wat die dinamiek van informele indiensneming in Suid-Afrika ondersoek.

Unieke en veranderende dinamiek van informele indiensneming in Suid-Afrika

Geeta Kingdon en John Knight identifiseer in hul artikel *Why high open unemployment and small informal sector in South Africa?* (2001) 'n unieke eienskap van Suid-Afrika se informele ekonomie. Die informele sektor is proporsioneel relatief klein tot totale indiensneming, in vergelyking met eweknielande. Verder wil dit voorkom asof dit oor die afgelope tyd gekrimp het vanaf ongeveer 20% in 2000 tot rofweg 16% in 2015. Philippe Burger en Frederick Fourie (2015) merk in die verband op dat, "...since 2007 the informal sector has not absorbed the additional

*people in the labour force who did not find employment in the formal sector. Informal sector employment numbers have not even increased proportionally to the growth in the labour force*¹

Behalwe vir die relatiewe grootte van die verskynsel het die literatuur oor die informele ekonomie min of meer konsensus bereik oor die volgende eienskappe van die informele ekonomie in Suid-Afrika:

- Die deelnemers in die informele ekonomie het oor die algemeen 'n baie laer vlak van onderrig bereik. Dit belemmer hul vermoë om 'n bepaalde oorgang na die formele ekonomie te maak, en is een van die verduidelikings vir die langtermyn aard van die informele ekonomie.
- Die informele ekonomie is geposisioneer in merkbaar verskillende industrieë as die formele ekonomie. Die informele ekonomie neig na handelsgebaseerde ekonomiese aktiwiteite sowel as private huishoudings. Die formele ekonomie is meer in die dienste-industrieë geposisioneer.
- Ras is 'n verdere onderskeidende faktor om die eienskappe van Suid-Afrika se informele ekonomie te verstaan. Witmense is geneig om die informele ekonomie as 'n tydelike of terugval-opsie te sien, teenoor Afrikane wat oor die algemeen gedwing word om vir baie langer in die informele ekonomie te bly.
- Die aktiwiteite in die informele ekonomie is nie eweredig versprei tussen die provinsies in Suid-Afrika nie.
- Maandelikse inkomste tussen die formele en informele ekonomieë in Suid-Afrika is uiters ongelyk ten gunste van die formele ekonomie. Verskeie studies kom tot die gevolgtrekking dat baie aktiwiteite in die informele ekonomie inkomste lewer wat dit vir die ontvanger daarvan onmoontlik maak om sy/haar

familie te onderhou. Die verdienste in die informele ekonomie is ook geneig om te daal soos mens nader beweeg aan die bestaansaktiwiteite.

Baie soorte informele indiensneming vereis nie vaardighede nie of verhoog nie vlakke van produktiwiteit nie, en dra dus baie min by tot die opheffing van armes. Dit verduidelik waarom die informele ekonomie in Suid-Afrika grotendeels as tweede beste alternatief tot formele indiensneming geag word. Sommiges verwys daarna as eenvoudig 'n soort verskuilde werkloosheid.

Baie soorte informele indiensneming vereis nie vaardighede nie of verhoog nie vlakke van produktiwiteit nie, en dra dus baie min by tot die opheffing van armes. Dit verduidelik waarom die informele ekonomie in Suid-Afrika grotendeels as tweede beste alternatief tot formele indiensneming geag word. Sommiges verwys daarna as eenvoudig 'n soort verskuilde werkloosheid.

Die eienskappe van die informele ekonomie, soos hierbo geïdentifiseer, kan tot die volgende hipotese gesintetiseer word: Die langtermyn aard, tekort aan mobiliteit na die formele ekonomie, lae vlakke van onderrigbereiking, lae en onsekere vlakke van inkomste wat verdien word en rassediskriminasie binne die informele ekonomie in Suid-Afrika lei daartoe dat dit grootliks ongeskik is om op te tree as volhoubare, lewensvatbare alternatief vir formele indiensneming. Gesien in hierdie lig, is dit op die oog af onwys om staat te maak op die uitbreiding van die informele ekonomie as die beste beleid vir werkskepping.

¹ (High unemployment and labour market segmentation: a three-segment macroeconomic model, *Draft paper for presentation at the Biennial Conference of the Economic Society of South Africa, Cape Town, 2 – 4 September 2015.*)

Sommige belangrike veranderinge het in die afgelope dekade van navorsing oor aktiwiteite soos dagarbeid en rommelsortering plaasgevind. Die vlak van mededingendheid in die informele ekonomie se laer vlak-aktiwiteite soos dagarbeid en rommelsortering neem toe tesame met die toenemende invloed van immigrante na die stedelike ruimte-ekonomie van Suid-Afrika.

In terme van dagarbeid as sleutelaktiwiteit vir tussen 45 000 en 100 000 mense het reële lone sedert 2007/2008 gedaal en mededinging vir bestaande poste het ook merkbaar toegeneem. Migrasie en die teenwoordigheid van buitelandse immigrante is 'n realiteit wat kan lei tot spanning op straathoeke. Die navorsingspan van Rinie Schenck en Derick Blaauw het onlangs 'n Zimbabwiese onderwyser op een van die oplaai-punte in Port Elizabeth raakgehoop. Dit bevestig die nypende ekonomiese situasie in Zimbabwe, en suggereer ook 'n verdere invloed van immigrante wat hul pad na Suid-Afrika oopsien.

Gevolgtrekking

Die breër dagarbeid- en immigrantewerker-verskynsel in Suid-Afrika en ander SADC-lande bly verwarrend. Dit reflekteer strukturele werkloosheidsprobleme in die streek wat hoogs kompleks is en nie maklik aangespreek kan word nie, soos om meer en beter vaardigheidsopleiding te bied. Daar is 'n ernstige tekort aan werkseleenthede. 'n Sikliese verbetering in die Suid-Afrikaanse ekonomie kan help om meer geformaliseerde werkseleenthede vir immigrante en plaaslike werkers te bied. Wat egter benodig word, is byvoorbeeld om 'n meer entrepreneuriese kultuur in die streek te skep met meer entrepreneuriese individue en klein en groot beleggers wat na vore tree om die risiko te neem ten opsigte van belowende besigheidsidees. Op hierdie wyse kan meer versekerde werkseleenthede meer gereedlik beskikbaar word vir dié wat tans van dagarbeid en ander soorte swak-betaalde informele indiensneming afhanklik is.

Die navorsing toon dat die lewe op die buite-wyke van die Suid-Afrikaanse informele eko-

nomie inderdaad moeilik is. Dit is egter hier om te bly vir so lank as wat dit vir die formele ekonomie onmoontlik is om betekenisvolle alternatiewe te bied. Daar is geen teken dat dit binnekort gaan gebeur nie. Tot dan moet ons onself weerhou daarvan om vir mense in die informele ekonomie te besluit wat die beste vir hulle is. Ons moet meer doen as om empatie te hê. Ons moet hul wêreld betree en hulle vra waarom hulle daar is, wat hulle doen en hulle ondersteun in hulle wêreld en nie probeer om hul wêreld te verander indien verandering nóg moontlik nóg volhoubaar is nie. So baie beleidsbesluite in die verlede het meer skade as goed vir die informele werker gedoen.

Hoe kan ons byvoorbeeld besluit om eenvoudig mense toegang tot die stortingsterrein te verbied sonder enige betekenisvolle alternatief? So 'n beleidsintervensie kan uitermatig wees en geïnspireer deur die regering se behoefte om stedelike spasie te eis. Konstitueer so 'n besluit 'n inklusiewe beleid, wat gehoor gee aan die stem van dié wie se fundamentele menslike behoeftes deur enige oorhaastig geskepte beleidsaksie geaffekteer gaan word? Die beslisheid van informele werkers om toegang tot 'n stortingsterrein te behou om hul oorlewing te verseker, sal lei tot 'n botsing van rasionaliteite: die rasionaliteit van regering teenoor dié van oorlewing.

Die grootste uitdaging in die toekoms sal wees om 'n vorm van hoop te bied aan diegene wat op die punt is om dit te verloor, of reeds het.

As navorsers kan ons die lot uitlig, maar die grootste uitdaging in die toekoms sal wees om 'n vorm van hoop te bied aan diegene wat op die punt is om dit te verloor, of reeds het. Dit is waarin die uitdaging vir toekomstige navorsing lê in 'n deel van die arbeidsmark waar dinge al hoe swaarder gaan.

The selfie: narcissism or self expression

Allison Geduld
(Faculty of Law, NWU Potchefstroom Campus)

The selfie is a picture taken by oneself of oneself. Some of the most famous people have been sighted taking a selfie, including Barack Obama, Ellen Degenerous, Angela Merkel and Hilary Clinton, to mention a few. Selfies have become so ubiquitous that Oxford Dictionaries has crowned the word selfie as The Word of the Year for 2013. The question is of course whether this phenomenon is a positive or a negative one.

The proponents of the selfie will argue that it is harmless and simply a form of self expression. Some of the most famous artists such as Van Gogh, Rembrandt, Frida Khalo and Leonardo Da Vinci have painted self portraits. Many of these painters wanted to say something about themselves with these paintings, their emotional state of mind, how they saw themselves or even how they saw the work they were doing. Is the selfie not just another form of the modern day self-portrait, showing the world how you want to be seen? I think not. The most famous self-portraits were not simply about creating a flawless version of yourself. They were about showing fear, anxiety or depression. Is that not what connects us ... our brokenness? Artists might also have painted self-portraits to convey an idea. With the countless number of filters that you can use to change how you look on your selfie, the original idea of a self-portrait fades away.

It might also be true that the selfie photographers have a hint of narcissism, that just like Narcissus they would like nothing better than to stare into their own reflection for days.

It might also be true that the selfie photographers have a hint of narcissism, that just like Narcissus they would like nothing better than to stare into their own reflection for days. Perhaps this reflection is also something they stumbled upon and could not look away from. But do we not all have some hint of narcissism? Most of us take care of our appearances and love looking beautiful on a photo. Yes we do not die of hunger and thirst on account of our preoccupation with ourselves (as Narcissus did), but we care about our physical appearances and more than that, we care about the impression that our physical appearance creates. Is it fair to say that the person who takes a selfie is more narcissistic than the average person? Could it not be that she/he is more honest about a trait that we all possess to some degree? Perhaps narcissism is not necessarily a positive trait, but it most certainly is a human trait. If we are too caught up by our own appearances we might miss what is going on around us, but becoming conscious of one's own narcissism might make us a little less judgmental.

Since our earliest years we rely on others to tell us what we are worth. And despite our best efforts it is hard to silence the voice of what others tell you about yourself.

One might still argue that sharing a selfie on social media helps us connect with people as it says on the homepage of Facebook. If that is true, why are all of us not anxious to share a selfie on Facebook? As social beings or simply just as human beings we crave human connection. More than that, we crave recog-

dition. Since our earliest years we rely on others to tell us what we are worth. And despite our best efforts it is hard to silence the voice of what others tell you about yourself. If one hundred people like your selfie it might as well be regarded as permission to like yourself. It is as if the world tells you that you are beautiful. The connection created by social media might not be real, but the need for that connection and approval is real. This need for human connection and approval was not created by social media or the information age. We were

all born with these “needs”. The problem is that we were never told that when you grow up you have to start doing all those things for yourself; you just cannot leave the liking up to others. Although from a young age we need people to mirror us and to instil in us the belief that we are worth something, there comes a time when, as Joan Didion says “self-respect becomes a private reconciliation”. It becomes a DIY job. Not just liking, but looking at something that has nothing to do with physical appearances: the self. But that is a conversation for another day.

Dickson, Andrew. 2015. **Worlds Elsewhere: Journeys around Shakespeare’s Globe**. Bodley Head. Prys: R350. ISBN: 978-1-8479-2245-8. 512pp.

Resensent: Tony Ulliyat

Every now and again, a reviewer receives a book that is sui generis. Andrew Dickson’s *Worlds Elsewhere* is such a book. It is a deft interweaving of Shakespearian scholarship of a high order, a wide-ranging travelogue, a book of confessions and reflections about his passion for the Elizabethan playwright, and a record of his encounters with the fascinating individuals he met with as he journeyed in pursuit of answers to his basic enquiry. Self-evidently, this does not pretend to academic scholarship of the arcane sort. The book’s wonderfully ambiguous subtitle, *Journeys around Shakespeare’s Globe*, is clear evidence of a certain lightness of touch. But sound scholarship there is in abundance, evidenced by the 15-page bibliography. Dickson certainly knows his subject. As James Shapiro notes in a back cover blurb: “There were very few pages on which I didn’t learn something new or revelatory.”

Dickson’s itinerary – for what he calls “This expedition into global Shakespeare” (p. xxv) – takes him to four continents – Europe, North America, Asia and Africa – and six countries – Poland, Germany, the USA, India, South Africa, and China – in pursuit of his quest for “understanding Shakespeare’s place in the world and how it came about. Cultural thinkers have borrowed the (strikingly ugly) postmodern philosophical term ‘rhizomatic’ as one explanation for Shakespeare’s global omnipresence” (pp. 395-396). (That “strikingly ugly” terminology comes from Deleuze and Guattari.)

The passion for Shakespeare that people exude in these widely-divergent cultures contrasts markedly with the intolerance of the English towards other countries producing his plays. With some relish, Dickson quotes the Telegraph critic’s remarks on a Brazilian production of *Richard III*: “We have quite enough gimmicky Shakespeare of our own. Do we really need to import it?” Dickson explains this attitude as “a very British reluctance to acknowledge that Shakespeare belongs to anyone else” (p. xiv). He observes, most astutely, that of “the numerous things odd about this [curious conflicted attitude to its National Poet], the most obvious one is that there was never anything especially British about William Shakespeare” (p. xvii). There are many more surprising yet well-founded assertions in the book.

Indeed, Dickson has the knack of drawing our attention to information, details, and facts with which we are familiar as individual snippets, before pulling them together to produce a fascinating revelation. For example, he notes that the playwright’s “characters hail from Tunisia, the Levant, Algeria, India” while “his dramatic imagination roams restlessly across France, Denmark, Austria, Turkey, Greece”, and revealing “a particular passion for Italy: Padua (*The Taming of the Shrew*),

Venice (The Merchant of Venice, Othello), Verona (The Two Gentlemen of Verona, Romeo and Juliet), Sicily (Much Ado About Nothing); and , behind it, ancient Rome (Titus Andronicus, Julius Caesar, Coriolanus, parts of Antony and Cleopatra). In fact, “Shakespeare sets only one full script, The Merry Wives of Windsor, in anything resembling the Elizabethan world he knew” (p. xviii). And at least “five plays - A Midsummer Night’s Dream, Henry VI, Part III, The Merchant of Venice, Much Ado About Nothing, and Richard III - mention that remotest location of all from England, the ‘Antipodes’ (p. xix). It is the journey and the notion of foreign parts that not only manifest themselves in many of Shakespeare’s dramas but also provide Dickson with a valuable motif with which to structure this magisterial book.

It is not my intention here to spoil readers’ own journeys through the 437 pages of Dickson’s elegantly-written book. However, they might like to know that his travels do offer him many valuable insights towards an answer to his initial puzzlement about the playwright’s global appeal. Here are two of them: “that the one secret of Shakespeare’s global success is that he is endlessly variable, reinterpretable, translatable, can never be pinned down to exactly one thing” (p. 426); the second, “he had a disconcerting habit of reflecting your own self back at you” (p. 427).

I found the book totally absorbing in the originality of its approach and quite astonishing in what the author discovers about why Shakespeare remains a global playwright. Dickson proves a masterful storyteller more than worthy of his subject, that man from Warwickshire who never travelled outside England yet made the world his stage.

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!

<http://www.woordendaad.co.za/>

Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:

izette.minny@nwu.ac.za of / or

natanya.jacobs@nwu.ac.za

Krog, Antjie en Fiona Moodie. 2016 (Eerste uitgawe 2007). **Fynbos Feetjies**. Kaapstad: Umuzi. Prys: R160. ISBN: 978-1-1452-0902-8. 32pp.

Resensie: Marlies Taljard

Fynbos Feetjies, 'n boek met kinderryme, bring op eiesoortige wyse hulde aan die Kaapse Blommeryk, een die wêreld se ses planteryke. Antjie Krog is 'n bekende en veelbekroonde Afrikaanse digter wat ook bekend is vir boeke met 'n politieke strekking soos *Country of my skull* en *A change of tongue*. Twee ander kinderboeke het reeds uit haar pen verskyn, naamlik *Mankepank en ander monsters* en *Voëls van anderster vere*. Fiona Moodie is 'n wêreldbekende boek-illustreerder. Sy is veral bekend vir haar kinderboek *Benjamin Rockinghorse* wat deur haarself geskryf én geïllustreer is en deur Bohem Press in Zürich uitgegee is. Uitstallings van haar prentboeke (warvan baie ook deur haarself geskryf is) is al in lande regoor die wêreld by bekende boekuitstallings vertoon. Krog en Moodie het in *Fynbos Feetjies* 'n wenresep beet: Krog se klankryke verse word fabelagtig verbeeld deur Moodie se illustrasies: die botaniese besonderhede sowel as die diertjies en insekte is wetenskaplik getrou, maar die feetjies is haar eie besonder menslike skeppings.

Antjie Krog se werk is oor die algemeen bekend vir sy klankrykheid en unieke seggingskrag. Hierdie poëtiese eienkappe kenmerk ook die ryme in *Fynbos Feetjies*. Sommige verse is kort en speels, soos *Kraanvoëlblom-draak*:

mamma noem dit 'n Kraanvoëlblom
maar jy weet dis 'n drakie
met vlamme wat uit sy kop uit kom[.]

Sulke verse bekoor kinders en 'n mens kan jou indink dat dit vir ouers en kinders plesierig sal wees om uit die boek voor te lees of na die voorlesing te luister. Daar is egter ook ander (langer en verhalende) verse waarin 'n beroep gedoen word op die emosies van die kind, soos byvoorbeeld *Speldekussing-feetje* wat haar vingertjie raakgesteek het toe sy die Fynbos-koningin aangetrek het:

gelukkig sweef en wuif die Koningin
sonder om iets te voel of iets te weet
terwyl Spelde-fee haar duimpie
bloeiend wêg in haar handjie steek[.]

Sodoende word die kind reeds op vroeë ouderdom aan die genot van poësie blootgestel, maar ook aan die algemeen-menslike problematiek wat poëtiese tekste onderlê.

Die gedigte van Krog word op byna magiese wyse ondersteun deur die kleurvolle, realistiese tekeninge van Moodie. 'n Mens sou inderdaad kon beweer dat illustrasie en teks hier 'n integrale eenheid vorm. Die verskillende fynbosspesies word in die kleinste besonderhede korrek geskilder, terwyl elk van die baie feetjies 'n eie persoonlikheid verkry soos hy/sy inskakeer by die kleurvolheid van die blomme en die veld waarin hulle voorkom. Ek kan met eerlike oortuiging sê dat hierdie een van die ryks en bes geïllustreerde kinderboeke in Afrikaans is – indien nie die heel mooiste nie! Dit skitter in volle klank en kleur en behoort kinders soos bytjies na blomme aan te trek. 'n Móét vir elke Suid-Afrikaanse huishouding met kinders – roer jou, Ouma!

Hierdie boek het reeds met verskeie herdrukke klassieke status as kinderrymboek bereik. Die bonus is dat dit ook in Engels beskikbaar is!

Houellebecq, Michel. 2015. **Submission** (Vertaal deur Lorin Stein). Farrar, Straus & Giroux. Prys: R250. ISBN: 978-0-3742-1757-2. 246pp.

Resensent: Johan Schoeman

lewers lees ek die opmerking van 'n Afrikaanse letterkundige dat hy met belangstelling sy eie en diegene rondom hom se agteruitgang dophou. Ek vermoed hy sou hieroor 'n gespreksgenoot gevind het in die kontroversiële Franse skrywer-filosof, Michel Houellebecq. Houellebecq se literêre geskiedenis kan moontlik ook omskryf word as 'n boekhouer van presies dit – momente van sy karakters, en deur hulle, die Westerse wêreld se stelselmatige agteruitgang. Sy nuutste publikasie, vertaal met die veelseggende titel *Submission*, is geen uitsondering nie. Gedurende 2015 is veel gemaak oor hierdie publikasie, veral na die saamval van die publikasiedatum in Januarie met die terreuraanvalle op die Franse satiriese tydskrif *Charlie Hebdo*. Dit het tot gevolg gehad dat die skrywer selfs onder polisiebeskerming geplaas is. Met die tweede reeks aanvalle in November in Parys en met die verskyning van die Engelse vertaling van die boek, het Houellebecq se werk iets van 'n profetiese kleur begin kry, ook omdat hy reeds lankal oor die Islam redeneer en kwessies hieroor tans feitlik elke dag deel vorm van die hoofnuus in die Europese media. Die jaar 2016 is geen uitsondering nie. Die boek handel dan ook hieroor – Frankryk onder 'n nuutverkose Islamitiese leier en hoe karakters hierdie radikale verandering aan die lyf beleef terwyl hulle hulself mettertyd gemaklik onderwerp aan en identifiseer met die nuwe stelsel. Via 'n verhaalgrep uit die lewe van die hoofkarakter word kritieke vrae en opmerkings oor die Westerse filosofiese en politieke stelsel, die besondere weergawe daarvan in Frankryk en gewone mense se reaksie (bewustelik of nie) op die klaarblyklike ingrypende verandering en verval daarvan, gestel. Kommentaar word gelewer oor godsdiensbeleving en die rol van godsdiens oor die algemeen. Houellebecq lig self hierdie kwessies in onderhoude ná verskyning van die boek verder toe.

Houellebecq se karakters is (soos hyself) alledaagse mense; in baie gevalle mense met tipies menslike middelmatigheede en tekortkominge. Ook alledaagse intellektuele, wat soms sekerheid en ingeligtheid ter wille van oorlewing voorhou. Sommige is gemeenskapsmense, ander buitestaanders en ander, dalk belangriker, weet nie waar hulle staan nie en gee ook nie om nie. Hulle bestaan net. In hierdie boek se geval is daar geen uitsondering hierop nie. Wat dit egter weer treffend maak, is dat Houellebecq in hierdie publikasie, soos in van sy ander, hulle so soomloos eerlik en blatant uitbeeld. Hier is meer as net eksistensiële sketse oor sy karakters se bestaan teenwoordig. Ook die konteks van sy karakters, gewoonlik Westeringe, is sterk op die voorgrond. Houellebecq lewer direk en indirek kommentaar op die hegemonie van die Weste en die skynbaar maklik-vloeibare aard van lojaliteite, waardes en beginsels daarvan. Dit gebeur hier via eenvoudige sketse van wat sy karakters doen en oorkom; die kommentaar soms 'n onderbeklemtoonde subteks wat die leser self moet raaksien. Sonder terughou haal die skrywer die bestaanswyse van wat vir ons die reël geword het, stuk-stuk uitmekaar – soms brutaal en soms via 'n skynbaar onskuldige en eenvoudige opmerking van 'n karakter. Dikwels word die suggestie of opmerking net daar gelaat en moet die leser self die dinkwerk verder doen.

Die boek is eg-Houellebecq, die kontrovert, en sy projek van die ontmaskering van die Weste se glybaan ondertoe voortgaande. Plek-plek skok dit direk (wat is nuut hiervan by Houellebecq?) maar die boodskap kom hard tuis, vir dié wat oplet. Vir lesers ter plaatse is daar dalk ook 'n verdere relevansie. Mens wonder onwillekeurig – wat sou die reaksie gewees het as hierdie 'n Suid-Afrikaanse skrywer was en die boek hier verskyn het, gegewe die huidige sensitiwiteite? Daar is immers, en dit mag subjektief klink, op feitlik elke tweede bladsy iets wat ook direk op ons situasie hier van toepassing gemaak kan word, insluitend die boodskap van “onderwerping” en “aanvaarding”, wat skynbaar so maklik met die karakters gebeur.

Die boek is 'n moet lees vir persone wat belangstel in sosiale kommentaar en vra die leser om intelligente verbandlegging. Uiteindelik is die grootste waarde van die boek moontlik die deelname daarvan aan die (ook internasionale) debat oor opportunisties-skuierende oortuigings. Hierdie konsepte is beslis nie vreemd in ons eie gemeenskap nie. Inteendeel. Opsommenderwys

is die boek 'n blatante, fel en soms skreiende ontleding sonder terughou aan die hand van 'n oënskynlik eenvoudige beskrywing van gebeure. Belangrike leesstof vir mense in veral die Westerse wêreld wat al meer oor die toekoms van dít wat hulle tot stand gebring het en die verloop (dalk afloop) daarvan begin wonder.

Van Staden, Ilse. 2016. **Waar die oog van stil word**. Kaapstad: Umuzi. Prys: R160. ISBN: 978-1-1452-0902-8. 32pp.

Resensent: René Bohnen

In hierdie toeganklike, maar genuanseerde bundel ondersoek die digter die wisselende aard van stilte, totdat die slotgedig eindig met 'n uitroepteken, wat oteenseglik klank impliseer.

Stilte is 'n buidel om in te skuil, sê Ilse van Staden in 'n onderhoud*. 'n Voedende plek van veiligheid, dus, vermoed die leser. Maar dit is ook wáár dat die buidel mettertyd te klein raak vir die kangaroekind (p17, "buidel"). Dan moet die storm trotseer word, die bedrieglikheid van geborgenheid ondersoek word. Want stilte word "gestel soos 'n wip" sê die titelgedig (p31), wat ook 'n bepeinsing is oor die aard en betekenis van "oog". Hierdie gedig is 'n voorbeeld van die digter se vernuf met die heen en weer vou van klanke, die labirintiese ombuig van woorde en geringe verskuiwings in betekenis:

so word 'n oog stil alomstillend

...

oog-omstillend is die stilte ontstellend

Tydens 'n meditasie waarin die rasonale grootliks opgehef word, vervloei identiteit en die aard van elemente; word die werklikheid 'n droomlandskap van moontlikhede. Sodoende word skellende kraaie gelyk gestel aan die skryfaksie: tien kraaie pik / hul pad oop / uit die eierdop van my keel (p.55 "Dertien kraaie"). Maar die gedig sêlf word ook baarmoeder en buidel (p17, "buidel") sodat die leser selfs die afleiding kan maak dat die Wóórd 'n koesterende moeder is en die spreker in 'n gedig gebore is – 'n beeld wat terugreik na die oopmaakgedig waar wakkerword dieselfde is as 'n stipstil oopmaak-gedig (p7).

Later word die betekenis van die oog verder ontplooi, wanneer dit die stil plek in die storm word ("sikloon" p 52). Dit wil voorkom of die oog klankloos is, die kyk-aksie maak geen geluid nie. Tog is oog en woord onskiedbaar: woorde wat lig en gaan lê / op die vlugtige retinas van mure (p.33, "by die een oog in"). Indien die oog neutraal en objektief is soos die gedig beweert, dis bloot 'n lens, 'n venster na 'n wye vertrek (p36 "die oog is onskuldig") sal dit alle perspektiewe as gelyk benader en nie voorkeure toon nie. 'n Speurtog na die waarheid van hierdie bewering lewer sensoriese skatte op. Want ook die stilte het sy vrugte.

Die bundel is 'n versameling uitgebreide indrukke en hierdie metodiese, dog dromende ondersoek, is tekenend van die digter se styl. Beelde en woordspelings is veelkantig, terwyl dieselfde tema dikwels uit wisselende hoeke betrag word, amper soos 'n mikroskoop wat geringe fokusverstellings ondergaan. So word stilte bekyk aan die hand van die diereryk, waar torre, selakante en eenhorings enkele van die verskeidenheid fauna is wat die bundel bewoon.

Dikwels word die kwaliteit van stilte ontgin deur 'n oordad alliterasie en herhaling – 'n tegniek wat spanning bou tussen pole, soos in "vier-en-twintig swart voëls". Die opeenstapeling van klanke word in hierdie gedig 'n kakofonie, met skel, skellend, lawaai en luid wat dertien keer binne die bestek van twintig versreëls voorkom. Die funksionaliteit van hierdie tegniek is nie te bevraagteken nie, maar die geslaagdheid van die effek sal van leser tot leser verskil.

Resensies / Reviews

Tematies is die bundel gekonsentreerd en gefokus. Skeiding, verlies, grense en tussen-in ruimtes word beide emosioneel en rasioneel bekyk. Dit laat die leser met 'n weemoedigheid en vreemde liriese vrede; 'n tipe soet saudade. Taal en die poging tot verwoording bly die reddingsboei waarna die digter uitreik in 'n dreigende verdrinking en ballingskap. Die rol van die see is 'n ander interessante ondersoek, met 'n vars blik op byvoorbeeld die Stille Oseaan.

Net soos die stilte en die lieflike blink reis van slakke (p.20 en p.21), maak Van Staden se gedigte ook patrone. Party verse maak jou rustig, ander laat jou groei; sommige is bedrieglik sussend. Maar jy gee jou gewillig hieraan oor. Want die bundel is heerlik, soos 'n buidel. Of 'n wip.

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!

<http://www.woordendaad.co.za/>

Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:

izette.minny@nwu.ac.za of / or

natanya.jacobs@nwu.ac.za